



Heilige Gees

Die Apostolicum stel: “*Credo in Spiritum Sanctum*. Vertaal: “Ek glo in die Heilige Gees”. Die Niceense belydenis stel in Grieks: *καὶ εἰς τὸ Πνεῦμα τὸ Ἅγιον, τὸ Κύριον καὶ Ζωοποιόν, τὸ ἐκ τοῦ Πατρὸς ἐκπορευόμενον, τὸ σὺν Πατρὶ καὶ Υἱῷ συμπροσκυνούμενον καὶ συνδοξαζόμενον, τὸ λαλῆσαν διὰ τῶν προφητῶν*” Latyn: “*Et in Spiritum sanctum, Dominum ac vivificantem a Patre (filioque) procedentem, qui cum Patre et Filio adoratur et glorificatur, qui locutus est per Prophetas;*” In die Westerse tradisie word die woord ‘*filioque*’ bygevoeg na ‘*a Patre*’. Vertaal: “En in die Heilige Gees, Die Heer en lewendmaker, wat van die Vader (en die Seun) uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word, wat gesprek het deur die profete.”

Wat betref die Niceense belydenis is dit van belang om daarop te let dat die belydenis geformuleer te Nicea stomp geëindig het met “en die Heilige Gees”. Die uitbreiding wat bygevoeg is, is tydens die konsilie te Konstantinopel bygevoeg. Dit is ook waarom die belydenis se volledige naam “Niceano-Konstantinopolitanum” is.

Die Niceense belydenis begin die belydenis aangaande die Heilige Gees nie met ’n volgende *credimus* – ons glo nie, maar gewoon met die woord “en”. Daarteenoor lei die Apostolicum die belydenis aangaande die Heilige Gees in met *credo* – ek glo.

Na alles wat God gedoen het, kom die mens nou in die prentjie in. Die feit dat daar nie met ’n antropologie begin word nie, dui daarop dat ’n geloofsbelydenis oor God sal gaan en God in die middelpunt sal hou. Selfs wanneer daar oor die mens gedink word, word daar oor God bely. Dit is nie die mens en ’n leer oor die gelowige mens wat volg op die belydenis oor Jesus nie, maar ’n verdere belydenis oor God, en wel oor die Derde Persoon van die Triniteit. Vir Barth is dit waarom daar ’n verdere *credo* ingevoeg word, om aan te dui dat dit steeds ’n geloofsartikel is wat om God gaan en spesifiek oor die Heilige Gees as ten volle God.

Die kerk bely op grond van God se openbaring, nie op grond van menslike denke, filosofie of misterie-belewenisse nie. Die kerk bely geloof in die Heilige Gees op dieselfde manier as wat die kerk geloof in die Vader en die Seun bely. Ons glo in die een, waaragtige God.

Die derde hoofdeel van die belydenis gaan oor dit wat God vir die mens in die menslike geskiedenis doen en gaan doen. God se plan, God se sorg en doel kom nou in die visier. Juis daarom word God die Heilige Gees bely. Dit is belangrik om raak te sien dat die Heilige Gees en ons belydenis oor die Derde Persoon slegs moontlik is teen die agtergrond van alles wat die Tweede Persoon vermag het. Ons kan net die Heilige Gees bely omdat Jesus vir ons sondes gesterf het, die dood oorwin het

en openbaar is as die Almagtige verlosser. Die Heilige Gees se werk het betrekking op dit wat Jesus vermag en bewerkstellig het. Die Gees van God gaan voort op dieselfde pad as wat uit die verlede aanduibaar is. Die Heilige Gees kom met geen nuwe opspraakwekkende openbaring na vore nie, Hy verlig net al die waarhede deur Christus geopenbaar. Aan die ander kant kan ons net Christus se weldade raaksien; indien die Heilige Gees ons denke verlig en ons lei na die verlossing wat Jesus bewerkstellig het. Met die hemelvaart was die objektiewe en volledige openbaring van God en God se genade afgehandel. Daar was 'n tydperk van tien dae tussen Hemelvaart en Pinkster. Die afkoeltydperk tussen volledige openbaring en subjektiewe belewenis van hierdie genade.

Hierdie wisselwerking tussen wat Jesus bewerkstellig het en dit wat die Heilige Gees openbaar, moet duidelik gestel word. Met Jesus se hemelvaart is alles geopenbaar wat God aan die mens wil openbaar. Alles wat ons nodig het vir ons saligheid is in die volle verhaal van Jesus bewerkstellig en volbring. Die uitstorting van die Heilige Gees is geen nuwe openbaring nie, dit is God wat Sy Gees stuur sodat ons kan glo. Enige charismatiese aanspraak op nuwe openbarings is met ander woorde kettery. Die Gees verkondig Christus, wat Hy gedoen het en dat Hy weer kom. Die uitstorting van die Heilige Gees het niks toegevoeg tot die geopenbaarde wil van God soos ons dit in Christus terugvind nie. "Nuwe insigte" en "openbarings" kom nie van God nie, kan nie aan die Heilige Gees toegeskryf word

nie. Hierdie waarheid word verwerp deur die Charismatiese aanhangers wat die Gees wil verwyder van God se werk in Christus. Die sogenaamde rykdom van die gawes van die Gees is niks anders as mense se drifte en begeertes wat deur eiegeregtigheid vleuels gegee word nie. Dit is die gees van hierdie wêreld wat gegiet word in Christelike vorm, geklee met Christelike temas. Dit is die gees van die dood omdat dit die mens en mistiek verheerlik, afskeid geneem het van Jesus Christus. Die wonderlike rykdom van die Gees kom in die prediking van Christus gekruisig na vore. Die wêreld se gees kan ontdek of ontwerp word, God en God se Gees word openbaar deur God self.

Hierdie wisselwerking tussen Gees en Seun kan ook aangedui word deur die onderskeid tussen objektiewe en subjektiewe genade. Jesus se genade aanbod is tot almal gerig en is objektiewe genade, duidelik aanduibaar in die heilsgeskiedenis. Dit is die Heilige Gees wat elkeen afsonderlik oortuig van hierdie heilsgeskiedenis. Anders gestel, die historiese feite word deur die Heilige Gees heilsfeite vir gelowiges wat hier en nou 'n appèl op hulle maak. Die Heilige Gees oortuig elkeen dat Jesus "vir my" gesterf het; dit is 'n genade werklikheid wat as subjektiewe genade verstaan kan word, genade "vir my". Deur die Heilige Gees word mense oortuig dat Jesus se reddende daede in die verlede, 'n persoonlike werklikheid in die hede is, met 'n vaste oog op die heerlikheid wat kom.

Die openbaring van die Vader in die Seun is 'n openbaring deur die Heilige

Gees. Hierdie Triniteit-formulering wil dit duidelik maak dat die Stuurder, die Gestuurde en die Boodschap in harmonie uitreik na die mens. Die versoening met God in Christus is die versoening deur die Heilige Gees, aldus Karl Barth. Geloof is geen menslike prestasie nie en daarom kan geen antropologie deel vorm van 'n geloofsbelydenis nie. Hierdie stelling wil niks verklaar nie, dit wil net die rol van God se Gees bely. Geloof is die gawe en die werk van God. Hierdie geloofsperspektief is net duidelik aan gelowiges; wie glo, weet dat dit 'n gawe van God is. Ware geloof is anders as religiositeit', dit is met ander woorde anders as die menslike hunkering na die transendente. Ons as mense rebelleer teen die genade omdat ons sondaars is. Ons is onmagtig om te glo, en tog glo ons. Dit is die gawe van die Heilige Gees en daarom bely ons "ek glo in die Heilige Gees" (*I Korintiërs 12:3 Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: "Vervloek is Jesus", nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: "Jesus is die Here" nie, behalwe deur die Heilige Gees*). Die vryheid van God se genade is bokant ons begrip. Gelowiges kan hierdie vryheid net bely en dankbaar voordeel trek uit God se genade.

Die gevaar wat die mistiek inhou, moet nie onderskat word nie. Die mens se natuurlike geneigdheid tot sinsverrukking - met en sonder hulpmiddels soos dwelms en alkohol - is goed gedokumenteer. Mense wil die mistiese ervaring omhels, wil in 'n beswyming in tale praat en dit uitlê. Mense wil ritmies herhalend sing sonder werklike inhoud. Die fokus is op die mens, op sy

beswyming, op sy ervaring. Beeldmateriaal van inboorlinge besig met hulle mistiese kultushandeling en Charismatiese eredienste toon ontstellende ooreenkomste. Dit is omdat beide handeling vanuit die mens gaan. Die Christene noem net hulle verrukking die heilige gees. Dit is kettery, dit is weg beweeg van die Evangelie. Hierdie benadering maak van die Heilige Gees 'n subjek, 'n instrument tot beskikking van die mens sodat die mens verhoog kan word.

Die Heilige Gees is dieselfde synsbestaan (Homoousios – selfde substansie) as die Vader en die Seun. Hierdie kommentaar-reeks het begin deur te stel dat ons moet bely "Ek glo in God: Die Vader". Daardie dubbelpunt is daar om aan te dui dat wat volg uitbrei op geloof in God. Net so moet ons stel dat ons glo in God (:dubbelpunt) die Seun en God (:dubbelpunt) die Heilige Gees. Hierdie Triniteit kan dialekties as volg beskryf word; wanneer ek die eenheid sien, word ek bewus van die drieheid en wanneer die drieheid onderskei, word ek terug gevoer na die eenheid (van Niftrik).

Om dit in die woorde van die Symbolum Quicunque (Belydenis vernoem na Athanasius) te herhaal: "*Want soos ons deur die Christelike waarheid gedwing word om elke Persoon afsonderlik God en Here te noem, word ons ook deur die algemene geloof verbied om drie gode of heres te bely. Die Vader is deur niemand gemaak of geskep of gegeneer nie; die Seun is deur die Vader alleen nie gemaak of geskep nie maar gegeneer; die Heilige Gees is deur die Vader en die*

Seun nie gemaak of geskep of gegenerer nie maar gaan van Hulle uit. So is daar dan een Vader, nie drie vaders nie; een Seun, nie drie seuns nie; een Heilige Gees, nie drie heilige geeste nie. En in hierdie Drieheid is daar nie eerste of laaste nie, nie meeste of minste nie, maar al drie Persone het gelyke ewigheid en is heeltemal aan mekaar gelyk, sodat in alle opsigte, soos hierbo gesê is, die Eenheid in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid geëer moet word. Wie dus salig wil word, moet so oor die Drie-eenheid dink.'

Die Heilige Gees is God en bly God. Al kom woon die Gees dan ook in ons, oortuig die Gees ons en beweeg die Gees ons op die pad na die saligheid, bly Hy die Heilige Gees. Dit is iets wat duidelik word uit die formulering van die Niceense belydenis. Hy is in ons en lei ons, maar Hy bly die Heer en lewendmaker. God se Gees woon in ons, maar staan gelyk teenoor ons as die Heilige en gans andere. Tussen ons en God is daar 'n kloof, die kloof tussen Skepper en skepsel skyn onoorbrugbaar te wees.

Met die Seun leer ons God by ons ken, Immanuel. Met die Pinkster leer ons God in ons ken. Ons geloof en regverdiging beteken nie dat ons gees en God se Gees nou saamsmelt of uitruilbaar word nie. Soms wil mense dan ons gees en God se Gees verwar of laat saamsmelt. Tog bly die Heilige Gees God. Die Heilige Gees is meer as net ons godsdienstige ervarings. Ons kan met ander woorde ook nie God se Gees verskraal tot godsdienstige ervarings nie omdat die Bybel, asook die

belydenisskrifte oor meer praat wanneer geloof bely word.

Die wisselwerking tussen Woord, woord en Gees is kompleks. Jesus as die Woord word aan mense verkondig deur verkondiging van die woord. Die Heilige Gees spreek deur die woord. Telkens wanneer profete gespreek het, was hulle op risiko. Op elke profesie was daar 'n vraag in die harte van die hoorders. Praat die mens of praat God? Ons bely dat die toets van tyd dit moontlik maak om te stel dat die Heilige Gees spreekbuise gehad het, die profete. Hierdie mense was nie luidsprekers nie. Die Heilige Gees het deur hulle gespreek op so 'n wyse dat God in hulle woorde deurgeskemer het.

Die feit dat ander mense ook as vals profete kon optree, dien as bewys dat die Heilige Gees se spreke deur die profete nie 'n trompetgeskal of 'n radiuuitsending was wat deur outomate gelewer is nie. In die taal van die tyd, in die idioom van die tyd, het God tot mense gespreek deur die Heilige Gees wat profesie op die harte van profete gelê het. God se openbarings-geskiedenis kom van vêr. Dieselfde Heilige Gees wat deur die profete tot mense gespreek het, oortuig ons nou van God se genade in Christus. Die gawe van profesie, die is verby. Al profesie wat daar nou is, is die verkondiging van Jesus as die Christus.

filioque

Daar is melding gemaak van die woord '*filioque*' wat in die Weste deel geword het van die Niceense belydenis. Hierdie byvoeging sou dien as amptelike rede vir

die skeiding van Weste en Ooste in die jaar 1054 nC. Die Ooste het geweier om te bely dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan. Albei partye bely dat die Gees saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word. Die kontensie is met ander woorde gebou rondom die “uitgaan” van die Gees. Die Oosterse kerk was baie meer gefokus op die mistiese en het aan die Triniteit as ’n lossen verbintenis gedink. Die Grieks/Russies Ortodokse kerk het nie werklik ’n sistematiese teologiese benadering tot geloof nie, eerder ’n misties-liturgiese benadering. Met dit as agtergrond kon hulle nie vrede maak met die *filioque* nie.

Van Niftrik se argumentasie kan hier herhaal word: *‘Die Heilige Gees is God in ons, is uitgestort om ons in verhouding met God te bring. Hoedanig die Gees is en werk, sodanig sal ons verhouding met God wees. Indien die Gees net vanuit die Vader gaan, beteken dit dat die bepalende verhouding tussen God en mens een sal wees van Skepper tot skepsel. Die Vader is immers die Skepper. Dit beteken dat die ideaal van godsdiens sal wees om in die kosmiese ruimte van ons bestaan op mistiese manier een te word met Skepper deur die skepping. Dan is God se bemoeienis*

met die mens ’n swewende, onbestemde, grenslose mistiese spel. Nou is dit so dat God in die besonder bemoeienis met die mens gemaak het in Christus. Die Gees gaan uit van die Vader en die Seun wat beteken dat God diep persoonlik met elkeen van ons in verhouding tree deur die Heilige Gees. Die primêre verhouding tussen ons en God is die van Verlosser tot verlore.’

Westerse teologiese denke, en in besonder Reformatoriese denke, staan by die behoud van die woordjie *‘filioque’*. Die kerk ken geen ander openbaring naas die openbaring in Jesus Christus nie. Daar is nie ’n tweede, parallelle openbaring van en deur die Heilige Gees nie. Ons kom nie tot ander insigte en waarhede nie, die Heilige Gees oortuig ons van Christus. Diegene wat die openbaring wil “verryk” en “verdiep” wil eie insigte gewig gee deur dit aan die Gees toe te skryf. Dit is nie korrek nie, die Gees gaan uit vanuit Vader en Seun. God se volle openbaring is in Christus in harmonie en volledig. Die Gees is Trooster en Parakleet (verkondiger), nie ’n aanvullende openbaring nie. Die Heilige Gees is God se Gees, die Gees van Christus wat God se weldade in Christus verkondig.